DAG 6

By die strome van genot

Lees Psalm 46.

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word (Matt. 5:6).

Dalk hou jy, net soos ek, ook van 'n koppie koffie in die oggend. Dit is die manier van die liggaam om vir ons te sê dat hy vloeistof nodig het.

Net so roep jou gees ook met verwagting na die Here. Hy soek na intimiteit met die ewige Here sodat jy ook versadig kan word.

Die geestelike dors is 'n passie van die mens om verenig met die Here te leef. Dan weet hy immers hy sal versadig word. Hierdie dors word geles as jy bereid is om verby slegs godsdienstige aktiwiteite te beweeg na 'n diepe eenheid met die Heer. Net die Here kan jou diepste geestelike dors versadig. Hy beloof dit aan hulle wat met groot toewyding en erns na Hom roep.

God beloon mos die mens wat na Hom soek. Daarom moedig Jesus ons aan om te bid sodat

ons kan ontvang, om te soek sodat ons kan vind en om te klop sodat daar vir ons oopgemaak kan word. Die Here wil nie hê dat ons in die vlak water van geestelike ervaring moet rondploeter nie. Hy wil hê ons moet swem in die volheid van God se strome van genot.

Here, laat die strome van lewegewende waters vandag my lewe tref.

Aantekeninge: